Mediaverklaring

Eis dieselfde hoë standaarde van alle eksamenliggame

2021/02/19

Die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) wil die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) van harte gelukwens met hulle uitstekende uitslae wat weer vanjaar behaal is. Dit is ’n bewys dat deurlopende gehalte-onderwys, ondersteun deur goeie bestuur, deurgaans die resep bly vir geloofwaardige uitslae ten spyte van die uitdagings van 2020.

Die IEB het Vrydagoggend aangekondig dat 98,07% van hul kandidate die 2020-matriekeksamen geslaag het. Dit is ’n fraksie laer as die 98,82% van 2019. Van die 12 024 kandidate het 88,4% universiteitsvrystelling verwerf.

Hugo Vermeulen, hoof van Opleiding by die SOS, sê hoewel die IEB sowel as die Departement van Basiese Onderwys (DBO) se eksamen deur dieselfde proses gemodereer word, word die geloofwaardigheid van die IEB-assessering hoër geskat.

Umalusi, die Raad vir gehalteversekering in algemene en verdere onderwys en opleiding, het op 15 Februarie 2021 aangekondig dat hulle die 2020-matriekeksamen goedkeur, ten spyte van die Wiskunde en Fisiese Wetenskap vraestelle wat uitgelek het. Die ondersoekspan het bevind dat die sekuriteitsbreuk nie sistemies was nie, maar geïsoleerde gevalle was waar die skuldiges aan die pen sal ry.

Die DBO was die enigste eksamenliggaam waar vraestelle uitgelek het. “Die IEB maak onder andere van gevorderde tegnologie gebruik om die integriteit van eksamens te verseker en word aan baie hoë standaarde gehou. Die DBO kan gerus aan dieselfde standaarde gemeet word,” sê Vermeulen.

Solidariteit Skoleondersteuningsentrum het twaalf verskillende vakverenigings wat professionele ondersteuning aan onderwysers bied, sowel as Die Wolkskool wat ’n volledige onderwysbestuurplatform en aanlyn kurrikulum vir leerders van Graad 1 tot 12 bied.

Vir alle medianavrae:

SKOLE ondersteuningsentrum

Sarina Prinsloo
Skakelbeampte
012 612 0234
072 123 1707
sarina@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion
skole.co.za